AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL 3
GRAAD 12

31 MEI 2016

PUNTE: 100 **TYD: 2 ½ uur**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Opstel 50 punte
   AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) 50 punte

2. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A en TWEE vrae uit AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. ’n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 80 minute
   AFDELING B: ongeveer (35 x 2) 70 minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

Kies EEN van die opdragte en skryf 'n OPSTEL van **400-450 woorde.**

1.1

Ek wonder...

[50]

1.2 **Skole kweek sportreuse en kultuur-muggies**

[50]

1.3

Die mens is 'n plant wat óf 'n **GEURIGE SPESERY,** óf 'n **VERWOESTENDE ONKRUID** kan word**.**

Francis Bacon

[50]

1.4 ... en die tyd tik stadig verby.

[50]

1.5 Kyk hoe lyk ons nou!

[50]

1.6 Kies EEN van die visuele prikkels en skryf ‘n opstel daaroor. Verksaf jou jou eie opskrif.

1.6.1

[50]

1.6.2

[50]

1.6.3

[50]

TOTAAL VIR AFDELING A: 50

AFDELING B –TRANSAKSIONELE SKRYFSTUK

VRAAG 2
Kies enige **TWEE** vrae en skryf **180-200 woorde** oor **ELKE** onderwerp
(Die formaat van die skryfstuk is nie by die getal woorde ingesluit nie.)

2.1 BRIEF AAN DIE PERS

Skryf ‘n brief aan Beeld, Posbus 1354, Johannesburg, 2002 waarin jy jou mening uitspreek oor *die goed en sleg van selfone*.

[25]

OF

2.2 RESENSIE

Skryf ‘n resensie oor ‘n interessante rolprent wat jy onlangs gesien het.

[25]

OF

2.3 TOESPRAAK

Jy is gevra om as gasspreker op te tree tydens ‘n skool se tieneraand. Die toespraak handel oor

Tienerprobleme en oplossings.

Skryf die toespraak. **[25]**

OF

2.4 ONDERHOUD

As lid van *Jip* se redaksie moet jy ‘n onderhoud met die hoofseun/-dogter van ‘n vooraanstaande skool oor die skool se uitsonderlike prestasies, voer. Skryf die onderhoud waarin die rede(s) waarom die skool so goed presteer gegee word.

[25]

OF

2.5 FORMELE VERSLAG

Tydens ‘n musiekfees wat jy bygewoon het, het ‘n gedeelte van die pawiljoen naby jou inmekaar gesak. Jy moet as ooggetuie van die gebeure ‘n verslag vir die polisie skryf. **[25]**

AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL : 100